

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

23 JANUARIE 2026 - JAARGANG 58-1709

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

21 Januarie 2026 - 51.74%

21 Januarie 2025 - 75.47%

Reënval vir die week:
Geen

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Rioolwater is 'n omgewingsrisiko



Rioolwater borrel by een van die mangle uit.
Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Annemarie Munnik.

Lees binne:

**Geweldenaar
gevonnis
bl 2**

**Nuwe
komitees
bl 4**

**Lutzville
Rugbyklub
bl 8**

Weervoorspelling vir die week

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 22/01	Vry. 23/01	Sat. 24/01	Son. 25/01
13°/30°	11°/29°	14°/33°	13°/32°

Ma. 26/01	Di. 27/01	Wo. 28/01
15°/35°	16°/33°	14°/34°

Inligting verkry vanaf AccuWeather 21 Jan. 2026

**PROTEA
DRUKKERY**

Centralstraat, Vredendal
E-pos: info.onskontrei1@gmail.com
Tel: 027 213 2074

*Ontwerp en druk van boeke
Maak van stempels*

Kontak ons gerus vir
'n gratis kwotasie



FAKTUUR/INVOICE

KWITANSIE/RECEIPT

BESTELLING/ORDER

AFLEWERINGSNOTA

PRE-CHECKLIST

JOBKAARTE

DEBIETNOTAS

AKTUELE NUUS

Goeie vonnis vir geweldenaar deur Vredendal Streekshof

Berig: Kaptein Ludick

Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Elvis Thabiso Diamond (45) is op 21 Desember 2025 'n swaar vonnis opgelê na 'n voorval op Saterdag, 1 Mei 2021 in Namakwastraat, Hopland, Vanrhynsdorp. Toe die beskuldigde die betrokke aand by sy informele struktuur agter in die erf van die slagoffer kom, was sy meisie nie daar nie. Hy het toe by die hoofhuis voor in die erf ingebreek en die huseienaar, wie hy vermoed 'n skelm verhouding met sy meisie het, met 'n mes in sy nek gesteek. Op 4 Augustus 2024 het die beskuldigde egter, nadat hy en sy eksmeisie al opgebreek het, by haar ma se huis aangekom en die klaagster met 'n mes agter haar rug, in die gesig en ook op haar linkereen gesteek. Hy het haar genadeloos verskeie kere voorheen al aangerand en is op 5 Augustus 2024 gearrester. Hy is in hegtenis gehou vir die duur van die

verhoor.

Diamond is op 3 November 2024 skuldig bevind op al drie aanklagte teen hom. Op klagte 1, van die aanranding met die doel om ernstig te beseer op die huseienaar is hy gevonnis tot 3 jaar gevangenisstraf. Klagte 2 vir die huisbraak met die opset om ernstige aanranding te pleeg, is hy gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf. Klagte 3 vir die aanranding met die doel om sy eksmeisie ernstig te beseer gedurende Vrouemaand, is hy 10 jaar gevangenisstraf opgelê.

Hierdie vonnis stuur 'n duidelike boodskap uit aan geweldenaars en daar is groot lof deur speur adjutant-offisier Smit aan sy speurders, speur adjutant-offisier Willemse en speursersant Van Wyk toegeswaai vir hul deeglike ondersoek in beide sake.

Suksesvolle operasie tussen rolspeleers

Berig: Kaptein Ludick

Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: 'n Groot operasie in samewerking met provinsiale speurders, asook die verkeer, wetstoepers en buurtwagdele is op Saterdag, 17 Januarie van stapel gestuur. Drie dwelmhuise is gevisenteer en daar is ook bewusmaking en hoë sigbaarheid is gedoen. Daar was ook 'n voertuig kontrolepunt

tussen Vredendal en Vanrhynsdorp. Goeie suksesse is behaal waarna ses arrestasies gevolg het, met een groot beslaglegging van **510 Mandrax-tablette (foto onder)** by 'n huis in Hopland.

Al ses gearresterdes het op Maandag, 19 Januarie in die hof op Klawer verskyn.



Dieremishandeling strafbaar

Berig: Verskaf

Spreek 12:10 "Die regverdige sorg vir die siel van sy makdier". Ons hele regstelsel en wette rondom diefstal, moord, aanranding is gegrond op ons **Bybel se Tien Gebooe**.

Diere en hul versorging is vir God baie belangrik. Daarom is dieremishandeling dan ook strafbaar in ons regstelsel onder **DIE WET OP DIEREBESKERMING Nr 71 van 1962**.

Hierdie wet verbied enige persoon om enige mak of wilde diere in gevangenskap of onder Beheer van mense te mishandel.

Wat is DIEREMISHANDELING?

Wees op die uitkyk vir die volgende 10 tekens:

- 1. Swak kondisie** en sigbare seerplekke. Dit lyk of die diere baie vlooi en bosluise het. Moontlik ondergewig is, met sy geraamte duidelik sigbaar. Hy mank loop of sy oë en ore ingedruk is.
- 2. Geen skuiling.** Diere op 'n plek is wat geen skadu of beskerming teen die koue of son bied nie. Of diere is toegemaak in 'n warm voertuig.
- 3. Geen kos of water.** Diere kan aggressief wees as gevolg van honger en dors of lusteloos lê.
- 4. Gebrek aan Sanitasie.** Diere se leefruimte is vol ontlasting en ander rommel.
- 5. Verlate.** Diere word in 'n tuin of gebied agtergelaat wat leeg lyk.
- 6. In 'n hok toegemaak.** Diere het min of geen beweegruimte nie, en/of kan nie staan of omdraai nie. Wees op die uitkyk vir enigiets om die nek van die diere wat hom kan seermaak of besmet en vuil is.

'n Vasmagete diere is 'n mishandelde diere!

7. Te veel diere by een huis.

8. Geweld. Eienaar of enige persoon wat die diere openlik seermaak, deur hom te slaan of met goed te gooi, is 'n mishandelde diere. Die persoon wat 'n diere in die openbaar seermaak, doen waarskynlik nog baie erger goed as mense nie kyk nie.

9. Die diere toon vreemde gedrag. Diere is baie aggressief (blaf en byt selfs sy eienaar) OF kan baie skaam wees en weggryp.

10. Duidelike tekens dat die diere vir gevegte gebruik word. Dit kom veral voor by sekere honderasse en hoenderhane. Jy kan duidelike tekens van **trauma (beserings)** sien, soos letsels, oop wonde, infeksies en selfs ontbrekende liggaamsdele soos ore of sterte.

Wat kan ek doen as ek bewus word van een van die bostaande situasies?

Plaaslik is daar 2 organisasies wat gekontak kan word.

• **MACAW - 082 927 4979**

• **Angel Project - 069 691 5870**

Dit is nie-winsgewende welsynorganisasies, wat die mishandelde diere inneem en help om "forever homes" vir hulle te kry.

Maak 'n positiewe bydrae in 2026 en maak 'n skenking:

• **Matzikama Animal Care and Welfare (NPC)** Capitec, rekeningnommer: 105 171 1096. Takkode 470010

• **Angel Project Matzikama (NPC)** Capitec Business Bank, rekeningnommer, 105 205 9929, takkode 450105

Die dossier van die saak.

Verlore/gevonde items

Berig: Adjutant-offisier Jannie Louw

VREDENDAL: Vredendal SAPD beskik tans oor die volgende eiendom wat verlore en/of verlate gevind is en oorhandig is aan die SAPD vir beskikking. Indien 'n persoon die eiendom herken as moontlike eiendom of inligting het oor die herkoms daarvan, kontak adjutant-offisier Kolie Nel te SAPD Vredendal en tref reëlins om dit te kom afhaal.

ITEMS: Een swart Lenovo Ideapad, en paar swart AWOL manssandale, een paar swart REAL damessandale, een paar swart en lemmetjie groen spykerskoene, een 2 x 1.5 m swart bakke bakseil met stawe, een Mama tweeplaat elektriese stoof, een 14 kg Afrox gassilinder, een grys/groen Lycan fiets,

een twee meter swart staal omheiningstuk, een wit Berger Master mandjie met verskeie gekleurde koperdraad.

Verlore paspoort

Berig: Verskaf

VREDENDAL-NOORD: 'n Tanzaniese burger, Abdul Juma Kapena het sy paspoort verlore.

Hy noem dat hy dit Sondag, 18 Januarie tussen Polapark en Oliver Tambostraat verlore het.

Enige persoon wat die paspoort opgetel het, kan Kapena kontak by 073 189 4919.



Jou swembad kan die somer helder en mikro-organisme vry wees. Met die Blue Lagoon UV-C tegnologie verminder jy jou chloor gebruik en jou swembad filter waswater (backwash) kan veilig in jou tuin gebruik word.

Ander voordele:

- Chlooramien word afgebreek sodat geen onaangename chloor reuk jou meer pla nie
- Geen meer droë vel en geïrriteerde oë as julle swem nie
- Die UV-C bestraling elimineer 99.9% mikro-organismes in huishoudelike swembaddens.

Die Blue Lagoon UV-C met osoon gee sterker oksidasie en disinfeksie. Om minimale chloor te gebruik, kan die Blue Lagoon UV-C met koper ioniseerder ingespan word wat dan vir jou langwerkende disinfeksie gee.



Blue Lagoon
UV-C and Pool equipment

Vanrhynsdorp
Tel: 083 305 5233

Epos: hennie@maskam.co.za



Hierdie dieremishandeling artikels gaan op 'n gereelde basis in Ons Kontrei verskyn. Jy kan in aanmerking kom vir die trekking van **R5 000**, as jy aan die einde van die reeks 'n **"uitknipsel van elke artikel"** byeen hou en dit inhandig op, 31 Oktober by die kantore van **MMR**

Finansiële Dienste Matzikamastraat 32, Vredendal



MMR
Finansiële
Dienste

Matzikamastraat 32, Vredendal, Tel: 027 213 3043

Gereguleerde Finansiële Dienstereskaltor FSP 12017

www.makelaars.co.za



HOOF NUUS

Riool, gesondheids- en omgewingsrisiko

Berig en foto's: Annemarie Munnik

PAPENDORP: Rioolwater loop al 'n geruime tyd uit die rioolmangat in Harderstraat, Papendorp. Ons Kontrei het 'n skrywe van 'n bekommerde inwoner ontvang van die riool wat in die vleiland inloop. Met verdere ondersoek, Maandag, 19 Januarie is daar bevind dat rioolwater wel uit die een mangat vloei. Rondom die drie mangate lê daar toiletpapier en ander afval wat 'n teken is dat dit nou al 'n tydjie aankom. Die stroompie water vloei dan na 'n dammetjie. Van die pad af is die riooldam nie sigbaar nie. Van die dammetjie af loop dit in die vleiland in. Die digte plantegroei rondom die dammetjie en die riete na die vleiland is 'n duidelike aanduiding dat die rioolwater lank reeds loop. Daar is kalk rondom die draadomheining gegooi, waar die water afloop in die stroompie. Selfs op Google Earth is die plantegroei en dammetjie sigbaar. Volgens 'n inwoner het vissermanne al genoem dat 'n persoon geweier het om hulle vis te koop, aangesien dit volgens alle aanduidings nie geskik is vir menslike gebruik weens die teenwoordigheid van riool. Die persoon noem ook dat hy 'n skrywe

op 11 Januarie aan Matzikama Munisipaliteit gerig het, maar teen druktyd nog nie terugvoering ontvang het nie. 'nAnder inwoner wat naby die drein woon, noem dat hulle al jare met die stank saamleef. Na bewering word daar glo beplan om die drein in Februarie te skuif. Sy sê hulle het die gat al probeer dieper grawe, maar die kante het heeltyd ingestort. Verder noem sy dat die munisipaliteit die dreine kom uitpomp en dit dan na Strandfontein neem. Sy sê ook dit kan 'n langtermyn probleem vir die vissergemeenskap word. Rioolwater beskadig vleilande deur hul natuurlike filtrasie te oorlaai, wat voedingstofbesoedeling veroorsaak, wat lei tot algebloei, suurstofuitputting en dooie sones, terwyl patogene en ander besoedelingstowwe wildlewe en watergehalte benadeel. Onbeheerde rioolwater bring oortollige voedingstowwe (stikstof, fosfor) en skadelike bakterieë in, wat die ekosisteem se balans ontwig, sensitiewe spesies doodmaak, indringerplante bevoordeel en water onveilig maak. Ons Kontrei het navrae aan Matzikama Munisipaliteit gerig.

Regs is die riooldammetjie.



Rioolwater borrel by die mangat uit.



IMPORTANT NOTICE

FORM 3A - NOTICE OF APPLICATIONS FOR LIQUOR LICENCES IN TERMS OF SECTION 37(1) OF THE WESTERN CAPE LIQUOR ACT,2008 – [REG. 10(1)]

Notice is hereby given that the following applications for liquor licences have been lodged with the Western Cape Liquor Authority (the Authority) and with the designated liquor officers at the indicated South African Police Service offices. The applications concerned may, up to and including the 28th day from the date of publication of the application, upon request and free of charge, be inspected by any person, at the offices of the Authority or the designated liquor officer listed hereunder. Copies of an application can be obtained from the Authority after payment of the prescribed fee. Objections and representations must be lodged in writing with the Authority and the designated liquor officer in accordance with section 39 of the Act.

VORM 3A - KENNISGEWING VAN AANSOEKE OM DRANKLISENSIES INGEVOLGE ARTIKEL 37(1) VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWET,2008 – [REG. 10(1)]

Hiermee word kennis gegee dat die volgende aansoeke om dranklisensies ingedien is by die Wes-Kaapse Drankowerheid (die Owerheid) en] by die aangewese drankbeamptes by die aangeduide Suid-Afrikaanse Polisie dienskantore. Die betrokke aansoeke kan, tot en met die 28ste dag vanaf die datum van publikasie van die aansoek, op versoek en gratis deur enige persoon besigtig word by die kantore van die Owerheid of die aangewese drankbeampte hieronder gelys. Afskrifte van 'n aansoek kan by die Owerheid verkry word na betaling van die voorgeskrewe fooi. Besware en verhoë moet ooreenkomstig artikel 39 van die Wet skriftelik by die Owerheid en die aangewese drankbeampte ingedien word.

IFOMU 3A - ISAZISO SOKUFAKWA KWESICELO SEPHEPHA MVUME NGOKWECANDELO 37(1) LOMTHETHO WOTYWALA WENTSHONA KOLONI KA-2008 – [UMGAQO 10(1)]

Isaziso siyanikezelwa ukuba ezi zicelo zilandelayo zamaphepha mvume otywala zifakiwe kwabasemaGunyaeni ezoTywala eNtshona Koloni (abasemaGunyaeni) nakumagosa ajongene nemiba engotywala kwii-ofisi ezixeliweyo zeeNkonzo zamaPolisa aseMzantsi Afrika. Izicelo ekubhekiselelwa kuzo zingakwazi kwiintsuku ezingamashumi amabini anesibhozo (28) ukususela ngomhla wokupapashwa kwesi sicelo, xa eceliwe kwaye simahla, ziye kuhlolwa nguye nawuphi umntu okwi-Ofisi esemaGunyaeni okanye yegosa elijongene nemiba engotywala elixelwe apha ngezantsi. Iikopi zesicelo zingafumaneka kwabasemaGunyaeni emva kwentlawulo emiselweyo. Uchaso neengxelo ezixhasayo ezibhaliweyo zingafakwa kwabasemaGunyaeni nakwigosa elijongene nemiba engotywala ngokwecandelo 39 loMthetho.

No.	Full name of applicant Volle naam van aansoeker Igama elipheleleyo lomfaki-sicelo	Name under which business will be conducted Naam waaronder besigheid bedryf sal word Igama ishishini eza kushishina phantsi kwalo	Address of the proposed premises Adres van die voorgename perseel Idilesi yesakhiwo	Kind of licence applied for Tipe lisensie waarom aansoek gedoen word Uhlobo lwephepha mvume olucelayo	South African Police Services designated liquor officer office where the application has been lodged Suid-Afrikaanse Polisie dienskantoor van die aangewese drankbeampte waar die aansoek ingedien is i-Ofisi yeGosa elijongene nemiba engotywala yeeNkonzo zamaPolisa eMzantsi Afrika apho isicelo sifakwe khona
1	Agrimark Operations Ltd	Agrimark Graafwater	2 Main Road, Graafwater, 8120	Off – Consumption	Graafwater
2	Agrimark Operations Ltd	Agrimark Clanwilliam	14 Ou Kaapse Road, Clanwilliam, 8135	Off – Consumption	Clanwilliam
3	Conciv Strat (Pty) Ltd	Kleine Fontaine	Erf 591 Visser Street, Graafwater, 8120	On & Off – Consumption	Graafwater

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

LUTZVILLE:
Hoërskool Lutzville
Kanaalstap
Saterdag, 24 Januarie
om 07:30

LAMBERTSBAAI:
Markie in die Tuin
Sandveld Museum
Saterdag, 24 Januarie
om 10:00.
Vir meer inligting skakel
066 208 6234

LEIPOLDTVILLE:
Liefdesbasaar
NG Kerk
Saterdag, 7 Februarie
Vir meer inligting skakel
083 225 6536

LUTZVILLE:
Valentynsdans
Lutzville Hotel
Saterdag 14 Februarie
om 19:00.
Navrae 027 217 1513 / 073 297 8056



Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Vind jou vreugde in God se rigtingwyser vir jou lewe

Die wêreld is vir die gelowige 'n vreemde en gevaarlike plek. Die oomblik toe ons deur die Heilige Gees vernuwe is, het ons vreemd geraak vir die wêreld en die wêreld vir ons. Ons dink nie meer soos ongelowiges rondom ons nie. Ons tree nie meer so op nie. Ons het ander beginsels en vertrekpunte. En hoe meer ons na die beeld van Christus omvorm word, hoe vreemder raak ons vir die wêreld. Hulle weet nie meer wat om met ons te maak nie. Ons is die "odd ones out". En natuurlik spreek ons optrede hulle sondige gewetes aan. Daarom is ons vir die wêreld 'n probleem. Dit wil ons nie hier hê nie. Ons is nie meer welkom nie. En die wêreld maak geen geheim van sy vyandigheid teenoor gelowiges nie.

Ons benodig dus 'n betroubare padkaart of GPS om ons veilig deur hierdie lewe te lei. Ons het 'n rigtingwyser nodig om ons op die regte koers te hou, weg van die slag-gate en moontlike afdraaipadadjes. Ons het 'n GPS nodig wat nie van hierdie wêreld is nie en dit is presies wat ons het in die Woord van God. Terwyl die digter 'n verskeidenheid verskillende woorde gebruik, is hy in wese besig om die volheid van dit wat God aan ons openbaar het, te omskryf. (Dit is natuurlik nie moeilik om hier die sprong te maak na Jesus as die mensgeworde Woord wat God nog meer duidelik aan ons kom bekendmaak het nie! Sien Joh 1.1-4.) God se Woord is ons betroubare raadgewer. Dit hou ons op koers. Dit hou ons staande te midde van

minagting en bespotting. Dit hou ons regop te midde van direkte en openlike aanvalle op ons geloof.

Laat ons opnuut soos die digter verwonderd staan en erns maak met die Woord. Laat ons daarna smag met ons hele wese. Laat ons ons vreugde daarin vind, want dit is God se betroubare rigtingwyser vir ons lewe!

Psalm 119:7 en 9 (Afrikaanse vertaling 1953) 'Ek sal U loof in opregtheid van hart as ek u regverdige verordeninge leer. 'Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.

Dominee Banie van der Walt

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

VLV skenk boek

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Joané van Zyl, oudleerder van Hoërskool Lutzville het met die beste prestasie van 88% vir Verbruikerstudie in die 2025 NSS-eksamen die VLV-boekprys van die Lutzville-tak ontvang. Hester Genis het dit aan haar oorhandig. Die

skool wens haar sterkte toe met haar studies in Voedselwetenskappe by die Universiteit van Stellenbosch.

Anda Smit (verbruikerstudie onderwyser), Joané van Zyl en Hester Genis.



Nuwe komitee

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Die Vredendal Spiritual Crime Prevention Committee het hulle nuwe komitee verkies deur afgevaardigdes van gemeentes en die gemeenskap op Maandag, 12 Januarie. Die verkiesing is gelei deur kaptein Bester in die teenwoordigheid van die waarnemende stasie-bevelvoerder luitenant-kolonel Mkhafu. Die nuwe komitee is voorsitter: pastoor Anzelle Jacobs; ondervoorsitter Jan Peters; sekretaresse Maria Bester met visie-sekretaris Jolanda Ryk; tesourier Oladia Mckenzi; public liason Reggie Strauss; projek-koördineerder Bernil Coetzee; addisionele lede: Breyton Ryk en Sonia September.



Die nuwe komitee lede.

Groot dank aan die uitredende voorsitter, bestuur van die komitee vir die afgelope paar jare.

Hoërskoolprojek komitee

Berig: Annemarie Munnik

KLAWER: Die beplanning van 'n hoërskool in Klawer kom al 'n geruime tyd aan. Op Sondag, 18 Januarie is daar 'n vergadering gehou rakende die kwessie. Tydens die vergadering is daar 'n komitee gestig om die projek te dryf. Die lede is Arthur James, Nicolene Ludick, Pat-


rick September, Paul Visagie en Melvina Willemse. Die lede het Maandag, 19 Januarie weer vergader om 'n aksieplan saam te stel. Raadslid Monica Bottom speel 'n oorsigrol oor die verwikkelinge. Regs is die nuutverkose lede.



INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DIUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. AKKOMMODASIE
25. REKENAARS
26. KANTOOR-TOERUSTING
27. BOUMATERIAAL
28. BOUWERK / VERF
29. VERVOER
30. AKKOMMODASIE
31. TE HUUR
32. SEKURITEIT / WAPENS
33. FIETSE
34. MASJINERIE/IMPLEMENTE
35. ONDERDELE / ENJINS
36. MOTORHERSTELWERK
37. SLEEPWAENS
38. MOTORFIETSE
39. WOONWAENS
40. VOERTUIG
41. EIENDOM
42. BETREKKINGS
43. BLINDINGS
44. ELEKTRIESE-WARE
45. GRASSNYERS
46. TE KOOP
47. TE RUIL



PASELLA ADS
WORD GRATIS
GEPLAAS

Geen handelaars.

Slegs 10 woorde per
advertensie word
toegelaat.

TE KOOP: Climax 10vt
windpomp plus kopersilinder,
goeie toestand @
R25 000, 082 210 7898
(Vredendal)

SUPER
SMALLS

Beskikbaar
teen R954 + BTW
vir 4 plasinge.
Spesiale
aanbod op
12 plasinge.

STEMPELS



Beskikbaar by
Ons Kontrei kantore
Centralstraat 8,
Vredendal

AANLYN-
KALENDER
2026

Ons dateer die
aanlyn kalender
weekliks op.

Alle kerke,
skole, sportklubs
en instansies,
stuur jul belang-
rike datums na

info.onskontrei1@gmail.com

Besoek ons aan-
lyn kalender by
www.onskontrei.co.za

KENNIS-
GEWING

Vir plasing van
kennisgewings,
tenders, veilings,
betrekkings,
gelukwensings,
bedankings
of enige
ander advertensie.

E-pos u
inligting na
info.onskontrei1@gmail.com
of skakel
027 213 2074

Angel Project wil uitreik in Doringbaai

Berig: Annemarie Munnik

DORINGBAAI: Die Angel Project het dit goedgevind om op Maandag, 26 Januarie vanaf 08:00 uit te reik na Doringbaai in die Hawesaal.

Janine Storman-van Zyl noem dat hulle die projek in samewerking met 'n maatskaplike werker van MADA, Johanien van der Berg, Matzikama se wetstoepassers en 'n student veearts van Vredendal Dierehospitaal gaan aanpak.

Die diere in die dorpie benodig behandeling vir bosluise, vlooië en skurfte, ontworming en algemene gesondheidsondersoeke. Storman-van Zyl noem dat daar niemand in Doringbaai is om die

diere te help nie. Angel Project hanteer tans slegs die noodgevalle, maar wil graag so gereeld moontlik 'n deurlopende uitreikdag hou.

Elke hond/kat sal geassesseer word, honde gedip word, alle diere ontworm word en 'n sak kos ontvang.

Sy sê hulle het absoluut geen idee hoeveel honde/katte om te verwag nie. Hulle maak voorsiening vir ongeveer 100 diere. Angel Project moet die volgende items aankoop: Dipmiddel vir honde, algemene dipmiddel en dipmiddel vir skurfte. Ontwormingstablette vir honde en katte. Ontwormingstroop vir babahondjies en katjies. Honde- en katkos, wondsproei en

komberse vir hondehokke. Groot plastiekbakke vir dip,

Storman-van Zyl sê dit gaan 'n duur uitreik wees, maar hulle weet die diere ly en hulle vra vir skenkings van produkte of geld sodat aankope gedoen kan word.

Hier volg die bankbesonderhede om 'n skenking te maak. Angel Project Matzikama NPC, Capitec Business Bank, rekeningnommer: 1052059929, verwysing; Doringbaai. Stuur bewys van betaling na angelprojectsa@gmail.com. Honde- en katkos skenkings kan by EDK Office National in Tuinstraat 2, Vredendal afgegee word.

Mini-ekspo help landbouprodusente slimmer boer

Berig: Verskaf

CITRUSDAL: Landbouprodusente en plaasbestuurders in die Citrusdal-omgewing kry op Woensdag, 28 Januarie die geleentheid om eerstehands te ervaar hoe eenvoudige landbouegnologie administrasie kan verminder en besluitneming kan verbeter. Die AgriTech Solutions mini-ekspo vind plaas by Citrusdal Country Lodge en fokus op praktiese oplossings wat maklik en realisties toegepas kan word.

"Tegnologie gaan nie oor groot mode-woorde nie - dit gaan daaroor om die selfde werk in minder tyd en met minder kopseer te doen," sê Maydiene Peter, besigheidontwikkelingsbestuurder by WorkLight.

Namate tegnologie 'n al hoe groter rol in die landboubedryf speel, volg plaaslike produsente die wêreldwye tendens om

velddata vinniger en meer doeltreffend in besluite om te skakel.

Met verbeterde netwerkdekking in landelike gebiede en meer toeganklike oplossings, begin landbouprodusente toenemend digitale hulpmiddels gebruik om hulpbronne beter te bestuur en produktiwiteit te verhoog.

Wat by die mini-ekspo verwag kan word: Hoe tegnologie werklik waarde kan toevoeg met demonstrasies.

Adagin Technologies wys hoe presisieboerdery in die praktyk lyk - van oes en verpakking tot produktiwiteitsbestuur.

Impi Farming demonstreer hoe intydse data en veldmonitering beter sigbaarheid en ingeligte besluite moontlik maak.

WorkLight fokus op tegnologie wat administrasie vereenvoudig en meer tyd vir produktiewe werk ontsluit.

Bespreking is noodsaaklik, aangesien daar slegs 'n beperkte aantal kaartjies beskikbaar is. Belangstellendes kan hul kaartjies bespreek via Quicket (soek "WorkLight AgriTech Ceres"), of Liesl Carstens kontak by 082 301 8000.

Die geleentheid is gerig op landbouprodusente, plaasbestuurders, menslike hulpbronne bestuurders, finansiële bestuurders en ander besluitnemers in die Citrusdal-omgewing wat tegnologie op 'n praktiese manier wil gebruik om tyd en hulpbronne te bespaar.



LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER NUMBER T78988/1995

passed by THE MUNICIPALITY FOR THE AREA OF VREDENDAL NOW MUNICIPALITY MATZIKAMA

in favour of
BOOIRUITER

Identity Number: 490805 5133 011

and

BOOILINARUITER

Identity Number: 510930 0095 019

Married in community of property to each other

In respect of certain
ERF 4255 VREDENDAL, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VANRHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at VREDENDAL on 8 APRIL 2025

SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC
3 Dorpsstraat, Vredendal, 8160
aktes@swanepoelprok.co.za
027 213 1011

Vanrhynsdorp
graad 1's

Foto: Annemarie Munnik

VANRHYNSDORP: Hoërskool Vanrhynsdorp se graad 1 klassie saam met juffrou Ina Marx.

Beplan jou
besigheid in
groot
verjaardag
in 2026?

Kontak ons om
promosie opsies
te bespreek
027 213 2074

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Nuwe personeel by ALG

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Augsburg Landbougimnasium het vanjaar vyf nuwe personeellede verwelkom. Annatjie Vrey is die nuwe leerderondersteuningsopvoeder. Sy was die laaste sewe jaar skoolhoof by La Montanara Onderwysentrum. Vrey is al 21 jaar deel van die gemeenskap. Juffrou Lara Visser is 'n oudleerder van ALG. Sy gaan Engels aan die graad 8 en 9's gee. Verder bied sy ook Levensoriëntering vir die graad 11's en 12's aan. Sy het die afgelope twee jaar by Hoërskool Upington skoolgegee.

Pieter Els, oorspronklik van Riversdal gaan SW vir graad 5 tot 7 aanbied, NW vir graad 4 en kuns vir die graad 7's. Els het voorheen rugby oorsee gespeel. Die nuwe wiskunde onderwyser vir graad 9 tot 12 is Marica Loubser. Sy is oorspronklik van Porterville. By die grondslagfase sluit juffrou Nadia Wentzel aan. Sy is oorspronklik van Bloemfontein en het haarself die afgelope 16 jaar in Calvinia bevind. Sy is die graad 2's juffrou. Die personeel glo die nuwe onderwysers sal sommer vinnig inskakel en tuis voel.



Annatjie Vrey, Lara Visser, Pieter Els, Marica Loubser en Nadia Wentzel.

Matriekleerders beplan vir nuwe jaar

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Elke jaar gaan al die hoërskool-fase leerders van Hoërskool Lutzville op 'n klasuitstap. Tydens hierdie dag word gefokus op spanwerk, ken-mekaar-sessies, intense klasgesprekke oor

boeliegedrag, rassisme, respek en pitkos vir die jaar en vele meer. Die matriekklas van 2026 het reeds op Dinsdag, 13 Januarie hul "sessie" by Joetsie Lodge bygewoon.

Onderwerpe wat behandel is: spanwerk, hul rol as senior hoërskoolleerders, voorbereiding vir die verwelkomingsprogram vir die graad 8-klas, studiewenke om te verseker die skool het weer 'n 100%

slaagsyfer, beroepskeuses, respek en 'n geestelike fondasie vir die pad vorentoe. Die personeel glo dat hierdie geleentheid die basis gelê het vir 'n onvergeetlike matriekjaar.



Hoërskool Lutzville matriekleerders.



VACANCY

Cape Lime Vredendal
has a vacancy for a:

Diesel Mechanic

Minimum Qualifications / Experience:

Minimum Qualification / Experience:

- Grade 12 and qualified diesel mechanic (Red Seal / Trade Test)
- Code 11/14 driving license
- Must have relevant mechanical knowledge with regard to functioning and maintenance of heavy diesel vehicles. Mercedes truck knowledge would be an added advantage.
- Must have a minimum of 8-10 years relevant experience as a diesel mechanic, working on earth moving equipment.
- Must be able to work independently and under pressure
- Must have general mechanical skills such as welding, fitting, rigging, etc.
- Excellent Supervisory skills and experience
- Excellent computer skills

Duties and responsibilities (not limited to):

- Workshop supervision, management and planning
- Maintain professional workmanship standards at all times
- Job cards, quotations, orders and supplier liaison
- Conduct trouble shooting, fault diagnosis, inspections and maintenance of mobile and other equipment
- Supervise service mechanic to ensure vehicles are planned and effectively executed
- Mentor apprentices
- Pro-actively support and participate in workshop safety, health and environmental initiatives
- Complete required legal monthly inspections and maintain the required SHE system
- Use personal protective equipment in accordance with risk assessments and company policies
- Maintain a high standard of housekeeping in and around the Workshop
- Manage and maintain tools
- Work overtime when required, provided such a requirement is reasonable and within the law
- Be on standby when required.

Please submit the following documents to apply:

- CV
- Certified ID copy
- Copy of highest qualification/s
- Copy of license

Closing date: 30 January 2026
Specify on application/email subject: Diesel Mechanic
Send applications to: clrecruit@afrimat.co.za

Should you not hear from us within 15 days of the closing date, please consider your application as being unsuccessful.

Afrimat is committed to fair and ethical recruitment practices that sustains consistent delivery towards diversity and inclusion, effective performance and job engagement.

Only short-listed candidates will be contacted. The Company reserves the right not to make an appointment.

TENDER NOTICE



TENDER WCC/SS/2026 - SECURITY SERVICES FOR A PERIOD OF THREE (3) YEARS

Tenders are hereby invited for the provision of Security Services for a period of three (3) years, as detailed in the tender specifications.

Sealed tenders clearly marked "TENDER: WCC/SS/2026 SECURITY SERVICES FOR A PERIOD OF THREE (3) YEARS", must be deposited in the tender box at **West Coast College, Central Office, 2 Loedolf Street, Malmesbury**, before **11:00 on Friday, 13 February 2026**. Tenders will be opened at this time.

A non-refundable tender fee of **R300.00 per tender document** must be deposited into the West Coast College bank account as follows: **Bank: ABSA Bank, Account Number: 4052300937, Branch Code: 632005, Reference: WCC/SS/2026** followed by the service provider's name.

To obtain a copy of the tender documents, proof of payment must be emailed to mparenzee@westcoastcollege.co.za with the subject line: **Tender Document Request WCC/SS/2026**.

A compulsory site briefing meeting will take place at **West Coast College, Malmesbury Campus, 2 Loedolf Street, Malmesbury**, on **Tuesday, 03 February 2026 at 12:00**.

Tenders will be evaluated in accordance with the College's Supply Chain Management Policy. Tenders must remain valid and binding for **ninety (90) days** after the closing date. All prices must **include VAT**.

A valid and original **tax clearance certificate** issued by the South African Revenue Service (SARS) must accompany the tender.

Late or incomplete tenders will not be accepted. Proof of dispatch will not be regarded as proof of receipt. West Coast College is not obliged to accept the lowest or any tender. The College reserves the right to accept or reject any tender, in whole or in part, and may cancel the tender process and reject all tender offers at any time prior to the conclusion of a contract. No liability will be incurred by the College in this regard. Written reasons for such action will be provided upon request.

MASKAM CASH



Dorpstraat, Vredendal
(Langs Stax Video) Tel: 027 213 3249
Kort op kontant? Ons kan help!
Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente

SASSA Trekkers:
ID afskrif, betaalstrokie

Salaris Trekkers:
ID afskrif, salarisstokie & 3 mnde bankstaat

**Terme en Voorwaardes geld.*



Position available at Finbond Vredendal:

2 x BRANCH CONSULTANTS

Requirements:

- Grade 12 qualification
- Computer Literate
- Clear Credit / Criminal Record
- Experience in Micro Lending sector an advantage

Remuneration: Market related
Closing Date: 06 February 2026

Please submit your cv to
jacop@finbond.co.za
www.finbondmutualbank.co.za

Maskam Primêr verwelkom graad 1's Augsburg spog met A-kandidate

Foto's: Annemarie Munnik



Juffrou L Meyer saam met haar graad 1A klas.



Graad 1 B saam met juffrou B Goodman-Kotzé.



Juffrou J Owies saam met haar graad 1C klas.



KLAWER: Steilhoogte Primêr is opgewonde oor die nuwe Steiltrappers vir 2026. Hier is juffrou SG Owies en haar klasassistent, juffrou S Beukes, saam met die graad 1-klas.

Foto: Verskaf.

Berig en foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: Augsburg Landbou-gimnasium se 70 matriekleerders van 2025 spog met 'n 100% slaagsyfer. Agt en vyftig van die leerders het geslaag met universiteitsvrystelling en 12 met tersiêre vrystelling. Die skool spog ook met twee gemiddelde A-kandidate. Larista Smit ontvang sewe onderskeidings en het 'n gemiddeld van 93% behaal. Smit was ook die dux-leerder. Kelly-Ann Bartlett spog ook met sewe onderskeidings en behaal 87.86%. Uit die groep is daar 48 vak A's simbole.



Larista Smit.



Kelly-Ann Bartlett.

“The beautiful thing about learning is that no one can take it away from you.”
- BB King

Notice No. 01/2026

CEDERBERG MUNICIPALITY
APPLICATION: REZONINGS & CONSENT USE: FARMS
645, 186, 190 & 131-RE,CLANWILLIAM

Applicant:	AROUX TOWN PLANNING
Owner:	SIZABERG TRUST AND CEDAR VISTA FARMING CC
Reference number:	01/2026
Property description:	FARMS 645, 186, 190 & 131-RE, CLANWILLIAM
Physical address:	KLIPOPEKAAR ROOIBOS FARM, CLANWILLIAM, 8135, SOUTH AFRICA
Detailed description of proposal:	THE MATTER FOR CONSIDERATION IS AN APPLICATION FOR THE REZONING OF POR-TIONS OF THE FARM NO. 645, CLANWILLIAM, FARM VERKEERDE VLEY NO. 190, CLANWILLIAM AND FARM VERKEERDE VALLEY NO 186, CLANWILLIAM FROM AGRICULTURAL ZONE 1 TO RESORT ZONE 1 (SPOT-ZONING) AND APPLI-CATION FOR COUNCILS CONSENT TO PERMIT A TOURIST FACILITY ON REMAINDER OF THE FARM ZAND FONTEIN NO. 131, CLANWILLIAM IN TERMS OF SECTION 15 OF THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING, 2019, TO ALLOW OVERNIGHT ACCOMMODATION AND AN ARRIVAL CENTRE AS PART OF A MULTI-DAY HIKING TRAIL.

Notice is hereby given in terms of section 45 of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 08:30 and 15:00 at the office of the Cederberg Municipality, at the Town Planning & Building Control Department, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam. Any written comments may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to Private Bag X2, Clanwilliam, 8135, or fax number (027) 482 1933, for the attention of Mr. A. Neethling, on or before 30 days from the date of publication of this notice, quoting your, name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. The comments can be emailed to landuse@cederberg.gov.za. Telephonic enquiries can be made to Mr. A. Neethling at (027) 482 8000. The Municipality may refuse to accept comments received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

MUNICIPAL MANAGER
(Notice No.: 01/2026)

Kennisgewingnr.: 01/2026

CEDERBERG MUNICIPALITEIT
AANSOEK: HERSONERINGS & VERGUNNINGSGEBRUIK:
PLAAS 645, 186, 190 & 131-RE, CLANWILLIAM

Aansoeker:	AROUX TOWN PLANNING
Eienaar:	SIZABERG TRUST AND CEDAR VISTA FARMING CC
Verwysing nommer:	01/2026
Eiendomsbeskrywing:	PLAASGEDEELTES 645, 186, 190 & 131-RE, CLANWILLIAM
Fisiese adres:	KLIPOPEKAAR ROOIBOS PLAAS, CLANWILLIAM, 8135, SUID-AFRIKA
Besonderhede van aansoeker:	DIE AANSOEK VIR OORWEGING IS VIR DIE HERSONERING VAN GEDEELTES VAN PLAAS NR. 645, CLANWILLIAM, PLAAS VERFKEERDE VLEY NR. 190, CLANWILLIAM PLAAS VERKEERDE VALLEY NR. 186, CLANWILLIAM VANAF LANDBOUSONE 1 NA OORDSONE 1 (PLEKSONERING) EN AANSOEK VIR VERGUNNINGSGEBRUIK OM 'N TOERISTEFASILITEIT OP DIE RESTANT VAN PLAAS ZAND FONTEIN NR. 131, CLANWILLIAM, TOE TE LAAT INGEVOLGE ARTIKEL 15 VAN DIE VERORDENING OOR MUNISIPALE GRONDGEBRUIKSBEOLANNING, 2019, OM OORNAG-AKKOMMODASIE EN 'N ONTVANGS SENTRUM AS DEEL VAN 'N MEERDAGSE STAPROETE MOONTLIKTE MAAK.

Kennis word hiermee gegee in terme van artikel 45 van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruik en Beplanning dat die bovermelde aansoek ontvang was en dat dit beskikbaar vir insae beskikbaar is gedurende weksdae tussen 08:00 en 15:00 by die kantoor van die Direkteur : Ingenieurs en Beplanningsdienste, Cederberg Munisipaliteit, by die Stadsbeplanning en Boubeheer Hulptonbank, Voortrekkerstraat, Clanwilliam. Enige geskrewe kommentaar moet, in terme van artikel 50 van die genoemde wetgewing geadresseer aan Privaat sak X2, Clanwilliam, 8135, of gefaks word na (027) 482 1369, vir aandag van Mnr. A. Neethling, op of voor 30 dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, met vermelding van hierdie kennisgewing en met aanduiding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belang by die aansoek en rede vir kommentaar. Kommentaar kan gestuur word na landuse@cederberg.gov.za. Telefoniese navrae kan gerig word aan Mnr. A. Neethling by (027) 482 8000. Die Munisipaliteit mag weier om aansoeke wat na die sperdatum ontvang was te erken. Enige persoon wie nie kan skryf nie kan bygestaan word deur 'n Munisipale beampte om amptelik hul kommentaar op skrif te stel.

MUNISIPALE BESTUURDER
Kennisgewing nr.: 01/2026)

Weskus Kreef
Seisoen 2025/
2026

- 20, 21, 27 en 28 Desember
- 3, 4, 24, 25 en 31 Januarie
- 1 Februarie
- 21 en 22 Maart



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074 Ons mense se koerant

AKTUELE NUUS

23 JANUARIE 2026

Adverteer dit werk!

Skakel ons kantoor vir meer inligting,
027 213 2074

Rugbyklub wil samehorigheid bevorder

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Die stigting van die Lutzville Rugbyklub is noodsaaklik vir die ontwikkeling, bemagtiging en samehorigheid van die gemeenskap. Rugby is meer as net 'n sport, dit is 'n instrument wat dissipline, respek, spanwerk en leierskap bevorder, veral onder die jeug. Tans is daar beperkte georganiseerde sportgeleenthede vir jongmense in Lutzville. Deur 'n formele rugbyklub te stig, skep hulle 'n veilige en gestruktureerde omgewing waar talent geïdentifiseer, ontwikkel en gekoester kan word. Dit bied ook 'n positiewe alternatief vir negatiewe invloede soos dwelms, misdaad en ledigheid. Die klub sal as 'n platform dien om gemeenskapsbetrokkenheid te versterk, sosiale konneksie te bou en trots in Lutzville te kweek. Dit gee spelers die geleentheid om aan plaaslike en streeks-kompetisies deel te neem, met die moontlikheid om na hoër vlakke deur te dring.

Verder sal die Lutzville Rugbyklub bydra tot vaardigheidsontwikkeling deur afrigting, administrasie en vrywilligerswerk, wat ook werkseleenthede en mentor-skap kan bevorder. Hulle glo vas dat die stigting van die Lutzville Rugbyklub 'n belegging in die

toekoms van die gemeenskap is, een wat hoop, eenheid en volhoubare groei sal bring. Almal word genooi om by Lutzville Rugbyklub aan te sluit vir oefening. Hulle vra ook vriendelik vir enige hulp of ondersteuning, veral van borge wat die klub

en gemeenskap wil help bou. Kontak die voorsitter Clement Samson by 063 406 5089 of Cheppo.sam@gmail.com vir enige hulp of vrae.



Van die manne wat al begin oefen het.

GSS kondig leerderraad aan

Berig en foto: Verskaf

GRAAFWATER: Graafwater Spesiale skool het onlangs hulle leerderraad vir 2026 aangekondig. Die leiders is: Chane Hanekom, Yasmaine Gal, Sishle Salumani (hoofseun), Lerato Tsabalala (hoofmeisie), Chahanca Syster, Yasmin Lewies,

Eben Meintjies, Shelton Rhoji, Lee Grant Andrew, Yarick van Wyk en Feroz Fortuin. Die personeel wens die leiders geluk en glo dat hulle die nuwe leierskap ten volle sal uitleef.



Graafwater Spesiale Skool se nuwe leiers.

Skenkings laat leerders opgewonde

Berig en foto: Verskaf

KLIPRAND/VANRHYNSDORP: Die burgerregteorganisasie Kaapse Forum het vandeesweek 'n skenking van altesaam 49 skooltasse gevul met skryfbehoeftes aan behoeftige graad eens in die Wes-Kaap gemaak. 'n Totaal van 34 tasse is aan leerders van die gekombineerde Hoërskool Vanrhynsdorp geskenk, sowel as 15 tasse aan leerders van Nuwefontein Primêr in Kliprand. Toegang tot gehalte onderrig is belangrik en onontbeerlik, veral by skole in die Vanrhynsdorp- en Kliprand-gemeenskappe, benadruk Bernard Pieters. "Navorsing het al telkens getoon dat hoër opleidingsvlakke tot laer werkloosheidsvlakke lei. Daarom meen Kaapse Forum sal hierdie skenking van skooltasse aan die twee onderskeie skole 'n belangrike bydrae maak tot die toekoms van elkeen van die leerders wat by die projek baat." Die heel basiese items in 'n graad 1-leerder se skryfbehoeftepakket kan 'n ouer minstens R580 uit die sak jaag. Luidens

die South African Child Gauge 2025 raak hongersnood sowat 330 000 kinders in die Wes-Kaap. Dié provinsie is ook die enigste in die land waar die hongersnoodsyfer onder kinders nie die afgelope twee dekades afgeneem het nie. Dit in ag genome, is dit te verstane dat duisende leerders se ouers net eenvoudig nie die fondse het om skryfbehoeftes aan te koop nie. Dit is ook 'n sterk aanduiding dat landbou weer oorweeg moet word om hongersnood te takel. "Ons glo dat die skenking van skryfbehoeftes aan leerders in die Wes-Kaap 'n verskil in hul lewens sal maak, veral waar hulle nou amptelik hul skoolopleiding afskop. Elke pen, potlood, toegewyde onderwyser en hardwerkende leerder bring dié provinsie nader aan die dag waarop die juk van armoede vir nog 'n gesin afgeskud kan word. Ons sien saam met dié leerders en hul skoolgemeenskappe uit na die sukses wat voorlê," sluit Pieters af.



Altus Smit, waarnemende skoolhoof van Hoërskool Vanrhynsdorp, en Bernard Pieters, Kaapse Forum se hoof van Gemeenskapsaktivering, saam met die leerders.



Hoërskool Lutzville bied aan

Kanaalstap

Saterdag, 24 Januarie om 7:30

Kom ondersteun die Swart- of Rooispan

